ALICESTINE OCTOBER
Kaapstad

Daar gaan nog baie gevalle soos die herrie rondom Hangberg in Houtbaai wees indien die regering nie maniere ontwikkel om stede en die beplanning daarvan meer inklusief te maak vir armes nie.

Laekostebehuising vir armes moet nie net op die randgebiede van die stad begin word nie, maar pogings moet aangewend word om dié mense nader te bring aan werksgeleenthede en dienste

Die afgelope twee weke het die Hangberg-kwessie ons herinner hoe belangrik grond en ligging is vir laekostebehuising binne 'n stad," het mnr. Kailash Bhana, uitvoerende hoof, gesê.

"Die meeste laekostebehuisingsprojekte word op die rand van die stad aangebring waar grond goedkoper is.

"Dit maak die lewens van armes meer weerloos en verdiep ongelykheid in ons stede."

Bhana het gesê dit plaas ook 'n groot finansiële las op stede om dienste en infrastruktuur aan die randgebiede te moet verskaf.

"Die Hangberg-kwessie wys weer

gewikkeld.

Zille het gesê indien stede entiteite is waardeur die bevolking aan die nasionale ekonomie gekoppel kan word, moet dit 'n tuiste word vir die bevolking, en spesifiek die middelklas met belangrike vaardighede en kapitaal.

"Die middelklas is nie teen die armes nie. 'n Groot middelklas maak dit makliker om geleenthede te skep waardeur armes uit armoede gehelp kan word," het sy gesê.

"Die bou en behoud van kapitaal en vaardighede behoort nie teenstrydig met 'n pro-armesbeleid te wees nie."

Die Burger 12-10-2010

Bemiddelingsproses 'is nie 'n politieke spel'

MAYGENE DE WEE
Houtbaai

Die Instituut vir Versoening en Geregtigheid het gister in Houtbaai gesê hy sal nie met 'n bemiddelingsproses in die Hangberg-behuisingskwessie kan begin voor hy nie 'n mandaat van ál die partye ontvang het nie.

Dr. Fanie du Toit, direkteur van die instituut, het gesê dit is 'n eer dat die gemeenskap van Hangberg hom genader het om die bemiddelingsproses te dryf.

Volgens hom is dit egter nodig dat die ander party in die konflik – die Kaapse stadsraad – ook deel uitmaak van die mandaat om 'n oplossing vir die voortslepende kwessie te vind.

"Gebeur dit nie, gaan die proses nie geloofwaardig wees nie," het hy gesê.

Mnr. Tony Ehrenreich, provinsiale sekretaris van die vakverbond Cosatu, het gesê met die bemiddelingsproses hoop hulle om al die vlakke van regering aan boord te kry om 'n oplossing vir die Houtbaai-krisis te vind.

Hy het gesê die proses moet nie as 'n *politieke* spel gesien word nie, omdat

Dr. Fanie du Toit, 'n direkteur van die Instituut vir Versoening en Geregtigheid, het gister gesê harte gaan uit na die gemeenskap van Hangberg. "Dis hulle wat die volle geweld van die optredes gevoel het," het hy gesê. Langs hom sit eerw. Karl Groepe en eerw. Godfrey Walton van die Anglikaanse kerk in Hangberg.
Foto: EDREA CLOETE

hulle al die vlakke van regering verantwoordelik hou vir die verwaarlosing van Houtbaai. Ehrenreich het wel gesê die Wes-Kaapse regering word uitsonder vir die brutaliteit waarmee hy die sensitiewe kwessie hanteer het.

Die gemeenskap, wat nou deur die kerk gelei word, voel egter dat bemiddeling die beste manier sal wees om 'n oplossing te vind.

Intussen het mnr. Fred Martin, 'n inwoner van Hangberg en lid van die span wat getaak is om die bemiddelingsproses te lei, gesê hulle gaan nie uit Houtbaai trek nie. Hy het gesê daar is gerugte dat grond in Atlantis vir hulle opsy gesit is. "Ons gaan nie 'n tweede Blikkiesdorp word nie."

Verteenwoordigers van die stadsraad was nie by gister se vergadering nie.

Man dood en drie ander gewond in skietvoorval in Hanover Park

KOBUS PRETORIUS
Kaapstad

'n Man (30) is gister in Hanover Park doodgeskiet toe drie mense in 'n verbygaande motor op hom en nog drie mans losgebrand het.

Die skieters was gisteraand nog op vrye voete.

Die wit Mazda waarin hulle gereis het is egter minute ná die voorval op die hoek van Summit- en Lonedownstraat in Hanover Park gevind, het ao. Ettienne Conradie, polisiewoordvoerder in Philippi, gesê. Die motor is in Kleinvlei as gesteel aangemeld.

Die vier mans het omstreeks 09:50 in Ryburgstraat gestap toe die Mazda verby gery en daar op hulle geskiet is.

Die oorledene is op die toneel dood terwyl die ander mans, onderskeidelik 19, 22 en 35 jaar oud, gewond en in die Groote Schuur-hospitaal behandel is.

"Die mans op wie daar geskiet is, behoort aan bendes. Ons ondersoek die moontlikheid dat die voorval bendeverwant kan wees," het Conradie bevestig.

■ Die lyk van 'n 26-jarige vrou is gister omstreeks 14:00 tussen bosse by Sunnyside in Maitland gevind.

Die vrou was geblinddoek en half kaal, maar die polisie kon nie bevestig dat sy verkrag is nie, het ao. Siyabulela Vukubi, polisiewoordvoerder in Maitland, gesê.

Die polisie ondersoek 'n saak van moord. Enigiemand met inligting kan speursers. Edward Edwardes by ☎ 079 894 1272 bel.

[ADVERTENSIE-ARTIKEL]
DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE
Begrip van oseane

Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool
MBA-